

7 Oktober

Ek het niemand nie!

Skrifgedeelte: Johannes 5:1-17

Fokusgedeelte: Johannes 5:7

By baie ander dinge wat die Here rondom die gebeure by die bad van Betesda openbaar, stuit hierdie woorde my voor die bors.

Dit is nie dat daar nie mense is nie. Nee, daar is baie blindes, kreupeles en lammes. Elkeen probeer om eerste in die bad van Betesda te kom sodra die water beweeg. Dit is, so glo hulle, die enigste kans op genesing. Daar is ook baie ander mense vir die fees by die tempel, wat slegs 'n hanetree van die bad af is, byeen. Tog het die man niemand nie. Vir 35 jaar lank is hy gestremd. Uitgeskuif.

Totdat Jesus hom sien lê. Die grootheid van ons Meester lê juis daarin dat Hy nie só besig is met die belangrike dinge van die fees dat Hy nie die man in sy nood raaksien nie. So leer ons Hom ken. Hy gaan na die armes, na die sondaars, na die melaatses. Hy sien hulle raak en Hy ken hulle nood. Hy het ook ter wille van hulle gekom. Hy red en Hy bring die man tot geloof.

Sien jy, wat Jesus ken, die gestremde raak te midde van jou gejaagde lewe en die baie mense om jou? Mag dit nooit so wees dat een mens in jou omgewing sê: "Ek het niemand nie."

Ek het niemand om my te help om met my rolstoel teen 'n trap op te kom nie. Ek het niemand om vir die haastige persoon wat net gou op die parkering vir gestremdes stilhou, te vra of hy weet hoe toeganklik hy die lewe vir my maak nie. Ek het niemand wat die moeite ontsien om met groot geduld my saam te neem na waar ander is nie.

Jy is immers deur Christus besoek en verlos. Jy is iemand!

Sing: Psalm 119:22 (Totius)

Ds. Fanie Coetzee (Potchefstroom-Noord)